# Hoofstuk van die dag: Rigters 14

> *Sy ouers het nie besef dat dit alles van die Here kom nie, want Hy wou ’n geleentheid skep om die Filistyne te straf: in dié tyd het die Filistyne oor Israel geheers. (vers 4)*

Die Here se rol in Simson se lewe is, om die minste te sê,

raaiselagtig. Daarom moet ons erken dat God die onverstaanbare God is. Ons kan nie sy optrede verklaar nie. In Jos 23:12-13 verbied God ondertrouery met die buurvolke uitdruklik, maar hier hef Hy sy verbod op om sy doel te bereik.
In ons eie lewens gebeur daar ook soms onverklaarbare en onverstaanbare dinge; dinge wat jy moeilik kan rym met dit wat jy van God verstaan. Onthou dan dat Hy die misterieuse Here is. Jy kan nie 'n greep op God kry nie, want Hy is God. Mense wat so presies seker is wat God se wil in ons lewe is en wat die Bybel sê, bedoel dit waarskynlik goed, maar hulle hou nie genoeg rekening met God se andersheid nie.
Tog kan ons vashou aan die wete dat God ons Vader is, dat Hy genadig en goed is, en dat ons Hom kan vertrou dat Hy nie met ons sal mors nie.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026